

SONDAG 19

VRAAG EN ANTWOORD: 50

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
Vraag: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?				
Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk	1	Efesiërs 1:20-23	wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.	wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.
		Kolossense 1:18	En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.	Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.
kan betoon, deur wie die Vader alles regeer	2	Matteus 28:18	En Jesus het nader gekom en met hulle gesprek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.	Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.
		Johannes 5:22	Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,	Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat.